Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid
Wenke vir lede

Regulasies

Die inperkingsmaatreëls wat deur die president afgekondig is ingevolge die Rampbestuurswet, wet 57 van 2002 en ondersteun deur die regulasies van die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake het ten doel om die verdere verspreiding van die COVID-19 virus te voorkom.

Die regulasies het ook ten doel om die beweging van mense te voorkom of te beperk behalwe in gevalle waar 'n essensiële diens gelewer word.

- Regulasie 18 maak voorsiening vir die polisie, weermag, vrederegters, verkeersbeamptes en weermag mediese personeel as 'n essensiële diens.
- Regulasie 20 maak voorsiening vir privaat sekuriteitsmaatskappye as 'n essensiële diens. Die polisie se interpretasie is dat plaaswagte wat by PSIRA geregistreer is 'n essensiële diens is. Die meeste plaaswagte is egter nie 'n essensiële diens nie.

Algemene toepassing

- Dit is nie normale omstandighede wat tans in die land heers nie en daarom noodsaak dit buitengewone maatreëls.
- Selfregulering in die sektor is nou noodsaaklik.
- Handhaaf die afgekondigde regulasies.
- 'n Oortreding van die regulasies kan lei tot 'n boete of maksimum tronkstraf van 6 maande of beide.
- Handhaaf bestaande wetgewing.
- Respekteer veiligheidsmagte se opdragte, moet nie in argumente betrokke raak nie.
- Vermy konflik en arrestasie.
- Maak seker jy is in besit van die nodige permit (Aanhangsel C van die inperkingsregulasie) indien jy jou plaas verlaat.

Huis en haard beskerming

- Pas plaasprotokol toe vir beveiliging en voorkoming van COVID-19 verspreiding.
- Wees ten alle tye waaksaam.
- Sorg dat alle beveiligingsmaatreëls in plek is.
- Sien om na jouself, jou gesin en plaaswerkers se veiligheid en betrek werkers en ander personeel by beveiligingsaksies.
- Handhaaf goeie kommunikasie met boerevereniging, plaaslike beveiligingstrukture en bure.
- Behou kommunikasie met polisiestasie en rapporteer alle misdaad en verdagte optrede.

Polisieoptrede

- Polisie aangestel as toepassingsbeamptes saam met lede van die weermag en vredesbeamptes.
- Toepassingsbeamptes is nie gemagtig om afwykings van die regulasies goed te keur nie.
- Lede van die polisie moet ondersteunend optree, 'n diens verskaf, hulp verleen, advies aan gemeenskap gee en lewens beskerm.
- Toepassingsbeamptes moet regters, landdroste en regspraktisyns toelaat om na howe te reis binne die jurisdiksie gebied.
- Polisiebeamptes moet te alle tye 'n aanstellingsertifikaat byderhand hê.

Kopiereg © 2020 Agri SA

Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid
Wenke vir lede

Probleemhantering

Alle misdaad moet eerstens by die plaaslike polisiestasie aangemeld word met 'n saaknommer.

Hanteer veiligheidsprobleme en toepassing van regulasies deur polisie op plaaslike- dan kluster- en daarna op provinsiale vlak.

Provinsiale affiliasie kontakbesonderhede:

Agri Oos-Kaap
Brent McNamara | brent.mcnamara@agriec.co.za

Agri Gauteng
Thinus van Zijl | ceo@agrigauteng.com

Agri Noord-Kaap
Dirk Krapohl | rpo@agrink.co.za

Agri Noordwes
Boeta du Toit | boeta@agrinw.co.za

Agri Wes-Kaap
Jannie Strydom | jannie@awk.co.za

Vrystaat Landbou
Gernie Botha | gernie@vslandbou.co.za

Kwanalu
Sandy La Marque | sandy@kwanalu.co.za

Agri Limpopo
Deidre Carter | info@limag.co.za

Mpumalanga Landbou
Robert Davel
info@mpumalangalandbou.co.za | ceo@mpumalangalandbou.co.za

Nasionale probleme word skriftelik vir hantering aan Agri SA voorsien deur Kobus Visser te kontak by: kobus@agrisa.co.za

Polisieklagtes moet eerstens met die stasiebevelvoerder opgeneem word.

Ernstige klagtes oor polisie vergrype soos, korrupsie, bedrog ens. kan ook by Onafhanklike Klagte Direktoraat gelê word, indien dit nie suksesvol op stasie vlak hanteer is nie, by:

Oos-Kaap | 082 592 9888
Vrystaat | 063 225 6081
Gauteng | 076 455 5718
Limpopo | 078 871 4811
KwaZulu-Natal | 079 895 2741
Mpumalanga | 072 881 4196
Noord-Kaap | 064 624 8203
Noordwes | 078 163 6874
Wes-Kaap | 073 890 1269

Vrywaring

Hierdie dokument is bedoel vir gebruik deur Agri SA se lede-organisasies en hulle lede en mag nie deur ander persone wat nie 'n lid van Agri SA is gebruik word nie, Agri SA aanvaar geen verantwoordelikheid vir die ongemagtigde gebruik van die inligting of enige skade wat gely kan word nie.

1 April 2020: Kobus Visser

Kopiereg © 2020 Agri SA